**20 AUGUSTUS** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 74**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 74:20**

## Die Here dink aan ons

"Dink tog aan my …" Hierdie versugting kom dikwels op uit die hart van iemand wat swaarkry. Miskien het u dit self al gevra van die Here of iemand anders na aan u.

Ons hoor in hierdie psalm van Asaf die volk Israel kla by die Here. Dit voel vir hulle asof die Here hulle alleen gelaat het in hulle krisis. Hulle is as volk weggevoer in ballingskap na Babel en die tempel is verwoes. 'n Paar keer vra Asaf die Here: "Dink tog aan …"

Dink tog in hierdie krisis aan ons as "u gemeente" ("u vergadering" – 1953-vertaling), u volk. Kom kyk tog, Here, hoe die vyand alles vernietig het wat vir U en vir ons heilig was. Hoe lank gaan hierdie ellende nog aanhou? Dink ook, Here, hoe die goddeloses u eer vertrap het. Hulle bespot en laster U. Moet dit nie langer toelaat nie, moet dit nie ongemerk laat verbygaan nie. Dink aan u verbond, Here. Daar is immers 'n band van liefde tussen U en ons – red en verlos ons tog! U is ons Skepper en ons Verlosser. In die verlede was U ons hulp.

Die Here is inderdaad die getroue Verbondsgod. Hy moes ons eintlik oor ons sondes verstoot het, maar Hy het nie! Dit voel miskien soms vir ons asof die Here ons vergeet, maar dit is nie waar nie. Die Here Jesus het ons sondes, ons verbondsbreuk, op Hom geneem, en die mag en die liefde van God het oor dood en hel getriomfeer.

Wees gerus eerlik voor die Here oor u gevoelens in tyd van nood en beproewing. Wees egter ook verseker dat die Here, u Skepper en u Redder, magtig is om u nie alleen by te staan nie, maar ook te laat oorwin. Vertrou op Hom en bid Hom om uitkoms. Omdat Hy aan ons dink, is die uitkoms seker. Die Here regeer!

*Sing: Psalm 74:5, 7 (Cloete)* *Ds Arnold Mulder (Krugersdorp)*